

GRONDWET

VAN DIE

ALUMNIVERENIGING

VAN DIE

UNIVERSITEIT VAN

PRETORIA

KONSEP

**(6 September 2015, soos gewysig
en geredigeer op 27 Oktober 2015)**

AANHEF

Aangesien die alumni van die Universiteit 'n belangrike en blywende bate van die Universiteit is wat gemobiliseer kan word om die Universiteit te steun om sy strategiese oogmerke te bereik;

En aangesien die alumni hulle deur middel van die alumnivereniging daartoe verbind het om die verwesenliking van hierdie oogmerke te steun;

Derhalwe het die Universiteit en sy alumni ooreengekom om die bestaande TuksAlumni-vereniging te transformeer en te herfokus deur:

- Dit die UP-alumnivereniging te hernoem;
- Die UP-alumnivereniging te verbind tot die waardes vervat in die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, en 'n gees te koester van volle erkenning en omarming van alle gemeenskappe en belangegroepe wat die UP-alumniliggaam uitmaak;
- Uitvoering te gee aan die waardes onderliggend aan 'n oop en demokratiese alumnigemeenskap gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
- Regstelling en vermyding van enige onbillike en ongeregverdigde diskriminasie van die verlede en versekering van verteenwoordiging van alle gemeenskappe wat die alumnivereniging van die Universiteit uitmaak;
- Vryheid van geloof, oortuiging en mening, akademiese vryheid en vryheid van spraak en uitdrukking te respekteer en aan te moedig;
- Die ontwikkeling van 'n alumnigemeenskap aan te moedig en te koester wat berus op die waardes vervat in Hoofstukke 1 en 2 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996;
- Die visie, missie en strategiese aspirasies van die Universiteit te onderskryf;
- 'n Waarde- en organisatoriese raamwerk te ontwikkel om 'n inklusiewe UP-alumniliggaam te vorm en te bevorder ter ondersteuning van die visie, missie en strategiese aspirasies van die Universiteit en van die UP-alumniliggaam.

1 DEFINISIES

In hierdie Grondwet, tensy die teendeel uitdruklik verklaar word, het die woorde hieronder die volgende betekenisse wat daaraan geheg word:

“Akademiese werknemer” beteken enige UP-personeellid wat aangestel is om te onderrig en/of navorsing te doen aan die Universiteit en enige ander werknemer wat

ANNEXURE A
as sodanig deur die Raad van die Universiteit aangewys is.

“Filiaal” beteken enige substruktuur van die UP-alumnivereniging.

“Gekose lede” beteken lede van die UP-alumnivereniging wat ingevolge klousule 9 tot die Raad verkies is.

“Grondwet”, tensy anders aangedui, beteken die Grondwet van die UP-alumnivereniging van die Universiteit van Pretoria.

“Hoofbestuur” beteken die Uitvoerende Bestuur van die Universiteit soos in die Statuut van die Universiteit bepaal en enige ander persoon wat as sodanig aangewys is ooreenkomstig 'n besluit van die Raad van die Universiteit.

“Konvokasie” beteken –

- (a) alle persone aan wie die Universiteit grade verleen het of aan wie die Universiteit geakkrediteerde diplomas toegeken het wat in die Universiteit se Program en Kwalifikasiestelsel (PKS) geregistreer is;
- (b) alle persone wat gewoonlik pyplynstudente genoem word, dit wil sê persone wat hulle studie begin het aan ontbinde instellings wat in titel deur die Universiteit van Pretoria opgevolg is en gewoonlik pyplynstudente genoem word, wat hulle studie suksesvol voltooi het aan die Universiteit van Pretoria en aan wie die Universiteit grade toegeken het of aan wie die Universiteit geakkrediteerde diplomas toegeken het wat op die Universiteit se PKS geregistreer is. In hierdie verband word geboekstaaf dat die Universiteit die opvolger in titel is van onder andere die Medunsa Fakulteit Veeartsenykunde, die Vista-universiteit se Mamelodikampus en die Normaalkollege Pretoria;
- (c) die Uitvoerende Bestuur van die Universiteit;
- (d) die dekane van fakulteite;
- (e) die akademiese werknemers op die permanente diensstaat van die Universiteit, emeritusprofessore, andere afgetrede akademiese werknemers; en
- (f) enige ander persoon of kategorie persone soos deur die Raad van die Universiteit bepaal.

“Lede” beteken lede van die UP-alumnivereniging wat ingevolge klousule 5 van hierdie Grondwet lede is.

“Persoon met 'n gestremdheid” beteken 'n persoon met 'n gestremdheid soos omskryf in die Employment Equity Act, No. 55 van 1998, soos gewysig.

ANNEXURE A

“PKS” beteken die programkwalifikasiestelsel soos deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding goedgekeur.

“President van die Konvokasie” beteken die persoon wat tot daardie posisie verkies is ingevolge die Statuut van die Universiteit van Pretoria.

“Raad” beteken die Raad van die UP-alumnivereniging.

“Raad van die Universiteit” beteken die Raad van die Universiteit van Pretoria saamgestel ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997, soos gewysig.

“Registrateur” beteken die Registrateur van die Universiteit van Pretoria.

“Sekretariaat” beteken die steunpersoneel wat deur die Universiteit aangestel is om die sekretariële dienste vir die UP-alumnivereniging te lewer.

“Sekretaris” beteken die Sekretaris van die UP-alumnivereniging wat ingevolge klousule 8.4 van hierdie Grondwet as sodanig aangewys is.

“Senaat” beteken die Senaat van die Universiteit wat saamgestel is ooreenkomstig artikel 28 van die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997, soos gewysig.

“Swart” is ’n generiese term wat Afrikane, kleurlinge en Indiërs beteken, en “swart kandidaat” of “swart kandidate” word dienooreenkomstig uitgelê.

“Universiteit” beteken die Universiteit van Pretoria.

“Vereniging” beteken die UP-alumnivereniging ingestel by klousule 2 van hierdie Grondwet.

“Wit persoon” beteken ’n persoon wat nie ’n swart persoon is nie soos in hierdie Grondwet bedoel.

2 NAAM EN STATUS VAN DIE VERENIGING

- 2.1 Hierdie Grondwet stel die UP-alumnivereniging in as ’n vereniging van alumni van die Universiteit van Pretoria wat as ’n substruktuur van die Universiteit van Pretoria funksioneer.
- 2.2 Die naam van die vereniging is die “UP-alumnivereniging”.
- 2.3 Die UP-alumnivereniging is nie ’n regsentiteit in eie reg nie en behoudens die bepalings van hierdie Grondwet is dit nie afsonderlik van die Universiteit van Pretoria nie.

ANNEXURE A

- 2.4 Die UP-alumnivereniging en al sy filiale wat hy mag instel, funksioneer as substrukture van die Universiteit, onderhewig aan die Statuut en Reëls van die Universiteit en die gesag van die Raad van die Universiteit.

3 MISSIE VAN DIE UP-ALUMNIVERENIGING

- 3.1 Die missie van die UP-alumnivereniging is om die belange van sy lede asook van die Universiteit te bevorder en te beskerm.
- 3.2 Die UP-alumnivereniging, in die nastrewing van sy missie en met betrekking tot sy lede –
- (a) erken en omarm die volle verskeidenheid van gemeenskappe en belangegroepe wat die totaliteit van die UP-alumniliggaam uitmaak ter ondersteuning van die oogmerke en aspirasies van die UP-alumnivereniging;
 - (b) verteenwoordig lede op statutêre en ander Universiteitsforums ten einde die belange van lede te bevorder; en
 - (c) ontwikkel en implementeer programme ter ondersteuning van die belange van die alumni.
- 3.3 Die UP-alumnivereniging, in die nastrewing van sy missie en met betrekking tot die Universiteit –
- (a) mobiliseer alle alumni van UP, insluitende al sy gemeenskappe en samestellende dele, om die visie, missie en strategiese oogmerke van die Universiteit, die belange van UP-alumni in die algemeen en in die besonder die plek en rol van UP-alumni ter daadwerklike ondersteuning van die Universiteit te bevorder;
 - (b) bevorder onder UP-alumni 'n kultuur van lojaliteit teenoor en trots op die Universiteit van Pretoria as 'n getransformeerde instelling en sy verbintenis tot hoë akademiese standaarde en diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap; en
 - (c) projekteer die Universiteit op 'n gunstige wyse.

4 OOGMERKE

- 4.1 Die oogmerke van die Vereniging is om –
- 4.1.1. die alumni effektief te verteenwoordig op die verskillende forums van die Universiteit, en om by te dra tot die beplanning en implementering van die Universiteit se strategieë;

ANNEXURE A

4.1.2. die Universiteit by te staan en te steun deur:

- (a) oor die algemeen daarna te strewe om sy strategiese oogmerke te verwesenlik, en in die besonder om akademiese uitnemendheid te beskerm en te bevorder;
- (b) begrip vir en reaksie op uitdagings in die breër samelewing;
- (c) 'n positiewe beeld van die Universiteit te projekteer en te bevorder vir werkgewers, befonders en die breër gemeenskap, plaaslik en in die buiteland;
- (d) sy goeie akademiese reputasie en die waarde van sy akademiese kwalifikasies te bewaar; en
- (e) die kernwaardes van die Universiteit te bevorder en te projekteer.

4.1.3. alumni ingelig te hou van alle tersaaklike gebeurtenisse en ontwikkelings aan die Universiteit en in die UP-alumnivereniging ten einde 'n gesonde spangees en netwerking onder UP-alumni te bevorder;

4.1.4. in oorleg met die Universiteit fondse vir die Universiteit in te samel;

4.1.5. erkenning te gee vir die prestasies van alumni en dit te vier;

4.1.6. lojaliteit en blywende bande tussen alumni en die Universiteit te bevorder;

4.1.7. met alumniverenigings van ander tersiêre instellings te skakel;

4.1.8. 'n positiewe beeld van die UP-alumnivereniging in die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel te projekteer en te bevorder.

5 LIDMAATSKAP

5.1 Kategorieë lede

Die UP-alumnivereniging het gewone, ere- en *ex officio*-lede.

5.2 Gewone lede

5.2.1 Tensy 'n individu wat in die kategorieë van hierdie subklousule val, sy/haar lidmaatskap van die Vereniging skriftelik opsê, is die volgende persone gewone lede van die UP-alumnivereniging:

- (a) Alle lede van die Konvokasie van die Universiteit;
 - (b) alle voltydse nie-akademiese personeellede van die Universiteit wat permanent aangestel is of op 'n vastetermyntontrak van ten minste drie jaar aangestel is en aan wie 'n graad, diploma of sertifikaat aan 'n ander universiteit of tersiêre instelling toegeken is, met dien verstande dat so 'n graad, diploma of sertifikaat as deel van die amptelike PKS van die betrokke instelling goedgekeur is.
- 5.2.2 'n Persoon met 'n graad, diploma of sertifikaat van 'n ander tersiêre instelling as UP wat ten minste een akademiese studiejaar aan die Universiteit van Pretoria suksesvol voltooi het en wat hierdie Grondwet skriftelik onderskryf, kan op die wyse deur die Raad voorgeskryf, aansoek doen vir lidmaatskap van die Vereniging, waarna die Raad met die steun van ten minste 60 persent van sy lede lidmaatskap aan sodanige persoon kan verleen.

5.3 Erelede

- 5.3.1 Die Raad kan op die grondslag van benoemings soos in hierdie subklousule beskryf, erelidmaatskap verleen aan enige persoon met 'n bewese rekord van 'n buitengewone opbouende bydrae ter nastrewing van die oogmerke van die Universiteit en die Vereniging.
- 5.3.2 Benoemings vir erelidmaatskap moet deur ten minste 50 (vyftig) lede van die UP-alumnivereniging geteken word en moet vergesel gaan van 'n motivering wat skriftelik aan die Raad voorgelê word.

5.4 Lede onderhewig aan die Grondwet

Alle lede van die UP-alumnivereniging is aan hierdie Grondwet onderhewig.

5.5 Beëindiging van lidmaatskap

- 5.5.1 Die Raad kan, met behoorlike inagneming van die toepaslike grondreëls van natuurlike geregtigheid en met die steun van ten minste 60 persent van sy lede, die lidmaatskap van 'n gewone of erelid beëindig indien die Raad oortuig is dat die betrokke lid die UP-alumnivereniging of die Universiteit 'n slegte naam gegee het, nie meer in belang van die UP-alumnivereniging of die Universiteit optree nie of 'n bepaling van hierdie Grondwet oortree het. [Billike en feitelike kommentaar betreffende die werksaamhede van die Universiteit wat in die openbaar of andersins gelewer word, maak nie 'n handeling uit waardeur die UP-alumnivereniging of die Universiteit 'n slegte naam gegee word nie.]

ANNEXURE A

- 5.5.2 Die lidmaatskap van *ex officio*-lede word beëindig wanneer die lid ophou om die amp te beklee wat die grondslag vir sodanige *ex officio*-lidmaatskap is.
- 5.5.3 Gewone of erelidmaatskap kan neergelê word deur 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte aan die Raad voor te lê.

5.6. Register van lede

Die Sekretariaat van die UP-alumnivereniging moet in oorleg met die Registrateur van die Universiteit 'n register hou van alle kategorieë lede van die UP-alumnivereniging.

6 VERGADERINGS VAN DIE UP-ALUMNIVERENIGING

6.1 Algemene jaarvergaderings

- 6.1.1 'n Algemene jaarvergadering van lede van die UP-alumnivereniging word jaarliks gehou met tussenpose van hoogstens veertien (14) maande.

6.1.2 Belê van Algemene Jaarvergaderings

- 6.1.2.1 Die algemene jaarvergadering word deur die Sekretariaat in oorleg met die Raad en die Registrateur belê en word gehou op 'n tyd en plek wat die Raad bepaal.

- 6.1.2.2 Kennis van 'n algemene jaarvergadering word ten minste 30 dae voor die vergadering gegee deur middel van 'n gepaste kennisgewing in Afrikaans, Engels en Sepedi wat in ten minste twee nasionale koerante en op die webwerf van die Universiteit gepubliseer word.

- 6.1.2.3 Besonderhede van die sakelys en stawende dokumente word ten minste 5 (vyf) dae voor die voorgestelde vergadering deur die Sekretariaat beskikbaar gestel by die kantoor van die UP-alumnivereniging.

6.1.3 Bevoegdhede en aktiwiteite van die Algemene Jaarvergadering

- 6.1.3.1 Die algemene jaarvergadering –

- (a) oorweeg die notule van die vorige algemene jaarvergadering en die notule van alle buitengewone vergaderings wat sedert die vorige algemene jaarvergadering gehou is, asook sake voortspruitend uit die notule van sodanige vergaderings;

- (b) oorweeg die jaarverslag van die voorsitter van die Raad en keur dit goed;
- (c) oorweeg mosies wat ooreenkomstig klousule 6.4 van hierdie Grondwet voorgelê is;
- (d) voltooi die verkiesing van gekose lede van die Raad, waarvan die prosedure in klousule 9 van hierdie Grondwet beskryf word;
- (e) neem kennis van die finansiële jaarverslag en oorweeg die finansiële staat van die UP-alumnivereniging en keur dit goed soos in klousule 14.3 bedoel.

6.2 Buitengewone vergaderings

- 6.2.1 Buitengewone vergaderings word op versoek van die Raad of op skriftelike versoek van ten minste 100 (een honderd) lede gehou, wat aan die Raad en die Sekretariaat voorgelê word en waarin oortuigende redes vir die verlangde vergadering uiteengesit word.
- 6.2.2 Die Sekretariaat belê 'n buitengewone vergadering binne 3 (drie) dae na die besluit om 'n buitengewone vergadering te hou of ontvangs van sodanige versoek, en gee aan die lede van die UP-alumnivereniging kennis van die vergadering ten minste 14 (veertien) dae voor die vergadering op dieselfde wyse as kennis vir algemene jaarvergaderings.
- 6.2.3 Die redes vir die vergadering moet in die kennisgewing vermeld word.

6.3 Vereistes vir en prosedures op vergaderings

- 6.3.1 Die voorsitter van die Raad of, in sy/haar afwesigheid, die ondervoorsitter sit voor op vergaderings van die UP-alumnivereniging. As albei afwesig is, kies die vergadering uit die teenwoordige lede 'n voorsitter om op die vergadering voor te sit.

'n Kworum vir vergaderings van die UP-alumnivereniging is 50 (vyftig) lede, by gebreke waarvan die aanvang van die vergadering vir 'n halfuur uitgestel word, waarna die teenwoordige lede 'n kworum uitmaak.

6.4 Mosies

- 6.4.1 Lede kan mosies indien vir oorweging deur die algemene jaarvergadering.
- 6.4.2 Mosies in skriftelike vorm en geteken moet ten minste 14 (veertien) dae voor die vergadering aan die Sekretariaat voorgelê word.

6.5 Die reg om te stem oor aangeleenthede wat behoorlik aan vergaderings voorgelê is

- 6.5.1 Alle lede van die UP-alumnivereniging is daarop geregtig om te stem oor mosies of enige ander aangeleentheid wat behoorlik aan 'n vergadering voorgelê is.
- 6.5.2 Stemming geskied per geheime stembrief deur lede teenwoordig op die vergadering, en stemming by volmag word nie toegelaat nie.

6.6 Notule

Volledige notule van die verrigtinge van alle vergaderings moet gehou word en is oop vir insae deur lede.

7 BESTUUR VAN UP-ALUMNIVERENIGING

- 7.1 Die UP-alumnivereniging word deur die Raad van die UP-alumnivereniging bestuur.

7.2 Samestelling van die Raad

- 7.2.1 Die Raad het twee kategorieë lede, naamlik dertien gekose en twee *ex officio*-
- 7.2.2 Lede. *Ex officio-lede* het nie stemreg op die Raad nie. Die Raad kan hoogstens twee lede koöpteer op grond van hulle kundigheid, maar hulle mag nie stem nie.
- 7.2.3 Die *ex officio*-lede is die President van die Konvokasie en die Vise-kanselier of die Visekanselier se verteenwoordiger.
- 7.2.4 Die ampstermyn van gekose lede van die Raad, insluitende die voorsitter, die ondervoorsitter en die streekvertenwoordiger, is twee jaar.
- 7.2.5 Gekose lede is herkiesbaar maar mag nie meer as drie opeenvolgende ampstermyne in die Raad dien nie.
- 7.2.6 'n Gekose lid van die Raad wat versuim om twee opeenvolgende Raadsvergadering by te woon sonder skriftelike verskoning vooraf, hou op om 'n lid van die Raad te wees as gevolg van en met ingang van sodanige afwesigheid.

7.3 Samestelling van die gekose lede van die Raad volgens ras, geslag en gestremdheid

- 7.3.1 Behoudens die toepaslike bepalings van hierdie klousule bestaan die gekose

ANNEXURE A

lede van die Raad uit ten minste vier lede wat swart is, vier wat wit is, vier wat vroulik is, vier wat manlik is en een wat 'n persoon met 'n gestremdheid is.

7.3.2 Die vier swart kandidate en die vier wit kandidate wat die hoogste getal stemme in hulle onderskeie kategorieë kry, word tot die Raad verkies, met dien verstande dat ten minste vier kandidate uit elke rassegroep in die eerste plek benoem is. Indien minder as vier kandidate in 'n ras- en geslagsgroep benoem word, word die getal lede vir daardie kategorie dienoreenkomstig verminder, wat lei tot 'n kleiner getal lede vir die Raad as geheel.

7.3.3 Indien die stembolling in 7.3.2 beoog nie 'n resultaat oplewer wat aan die geslagsvereistes van 7.3.1 voldoen nie, en met dien verstande dat ten minste vier kandidate uit die onderskeie geslagsgroepe in die eerste plek benoem is, word die volgende aanpassing(s) gemaak:

7.3.3.1 Indien die persone wat ingevolge 7.3.2 verkies is, nie ten minste vier manlike en vier vroulike persone insluit nie, moet die kandidaat van die ondervteenwoordigde geslag wat die hoogste getal stemme gekry het maar wat nie verkies is nie ingevolge die stembolling soos in 7.3.2 beoog, 'n verkose lid verklaar word wat die verkose lid vervang van die oorvteenwoordigende geslagsgroep wat die laagste getal stemme gekry het ingevolge die stembolling in 7.3.2 beoog, met dien verstande dat dit nie die rasvteenwoordigheid in 7.3.1 hierbo bedoel verwring nie.

7.3.3.2 Indien nodig, moet die prosedure waarvoor 7.3.3.1 voorsiening maak, meer as een keer herhaal word, *mutatis mutandis*, totdat die geslagsvereiste van 7.3.1 bevredig word.

7.3.3.3 Indien die persone wat ingevolge 7.3.2 verkies is, nie 'n persoon met 'n gestremdheid insluit nie, moet die benoemde gestremde persoon wat die meeste stemme gekry het, tot die Raad verkies word benewens die agt verkose lede, met dien verstande dat indien geen persoon met 'n gestremdheid benoem is nie, die UP-alumnivereniging enige gestremde alumnus kan aanstel om gedurende die Raad se ampstermyn in die Raad te dien.

7.4 Bevoegdhede en verantwoordelikhede van die Raad van die UP-alumnivereniging

7.4.1 Die Raad staan die Universiteit by met die ontwikkeling en implementering van sy strategiese oogmerke, veral ten opsigte van aangeleenthede wat die UP-alumnivereniging en alumni van die Universiteit raak.

7.4.2 Die Raad ontwikkel en implementeer sy eie strategiese oogmerke en aksieplanne in ooreenstemming met die strategiese oogmerke van die Universiteit.

7.4.3 Die Raad stel lede van die UP-alumnivereniging in die Raad van die

ANNEXURE A

Universiteit aan in ooreenstemming met die bepalings van die Statuut van die Universiteit, met dien verstande dat die betrokke bepaling in die Statuut onderhewig is aan hersiening op die grondslag van *bona fide*-oorlegpleging waarby alle belanghebbende partye betrek word.

- 7.4.4 Behoudens die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997, soos gewysig, en enige toepaslike wet of regulasie, die Statuut en die Reëls van die Universiteit, en die bepalings van hierdie Grondwet, verrig die Raad enige wettige daad ter verwesenliking van die missie en oogmerke van die Vereniging.
- 7.4.5 Die Raad vergader en skakel andersins gereeld met die Uitvoerende Bestuur van die Universiteit.
- 7.4.6 Die Raad keur beurstoekennings goed uit beursfondse onder sy toesig.
- 7.4.7 Die Raad oorweeg die kandidate wat benoem is vir die jaarlikse Alumni Laureaattoekennings in ooreenstemming met 'n prosedure waarop daar van tyd tot tyd met die Visekanselier ooreengekom word.

7.5 Delegering van bevoegdhede

- 7.5.1 Die Raad kan bevoegdhede skriftelik deleger aan individuele lede of komitees of aan die Hoof van Alumnibetrekkinge, maar in laaste instansie bly die Raad aanspreeklik vir die implementering van alle gedelegeerde bevoegdhede.
- 7.5.2 Delegering aan die Hoof van Alumnibetrekkinge geskied in oorleg met die lynbestuurder van die Hoof van Alumnibetrekkinge.
- 7.5.3 'n Gedelegeerde soos in hierdie klousule beoog, kan bevoegdhede deleger, maar die gedelegeerde bly teenoor die Raad aanspreeklik vir die implementering van die betrokke gedelegeerde bevoegdhede.

7.6 Konstituerende vergadering, ampsdraers en portefeuljes

- 7.6.1 Die Registrateur belê 'n konstituerende vergadering van die Raad wat hoogstens twee weke na die algemene jaarvergadering gehou moet word.
- 7.6.2 Die Registrateur of iemand wat behoorlik deur die Registrateur aangewys is, sit op die konstituerende vergadering voor tot die verkiesing van die voorsitter van die Raad.
- 7.6.3 Op die konstituerende vergadering –
 - (a) kies die gekose lede van die Raad 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n streekvertegenwoordiger. In die geval van 'n staking van stemme het die President van die Konvokasie 'n beslissende stem.

- (b) Die Raad bepaal portefeuljes en stel lede bekend as portefeuljebestuurders in sulke portefeuljes aan.

7.7 Vergaderings van die UP-alumniraad

- 7.7.1 Die Raad vergader ten minste twee keer per jaar met tussenpose van hoogstens sewe maande.
- 7.7.2 Die voorsitter of, in afwesigheid van die voorsitter, die ondervoorsitter of, in afwesigheid van albei, 'n gekose lid van die Raad wat vir daardie doel gekies word, sit voor op vergaderings.
- 7.7.3 Vergaderings word deur alle lede van die Raad bygewoon en kan ook bygewoon word deur ampsdraers aan wie verantwoordelikhede opgedra word soos in hierdie subklousule uiteengesit maar het nie stemreg nie:
 - (a) Die President van die Konvokasie, wat die Raad adviseer oor die belange van die lede van die Konvokasie;
 - (b) Die Visekanselier en Rektor of verteenwoordiger van die Visekanselier en Rektor, wat die Raad adviseer oor die aspirasies, prioriteite en strategieë van die Universiteit en kommunikasie tussen die Raad en die Hoofbestuur van die Universiteit fasiliteer;
 - (c) Die Direkteur: Universiteitsbetrekkinge of sy/haar verteenwoordiger, wat die Visekanselier en Rektor bystaan;
 - (d) Die President van die Verteenwoordigende Studenteraad of sy/haar verteenwoordiger, wat aan besprekings op Raadsvergaderings kan deelneem; en
 - (e) Die Hoof van Alumnibetrekkinge van die Universiteit, wat aan besprekings op Raadsvergaderings kan deelneem.

7.8 Kworumvereistes vir UP-alumniraad

Die kworum vir vergaderings van die Raad is die helfte van die stemgeregtigde lede plus een.

7.9 Besluitneming in die Raad

- 7.9.1 Die Raad poog om besluite op grond van konsensus en kompromis te neem eerder as om te stem, by gebreke waarvan besluite deur 'n meerderheidstem geneem word.
- 7.9.2 By gebrek aan 'n konsensusbesluit word 'n besluit geneem op grond van die

ANNEXURE A

meerderheid van stemgeregtigde lede teenwoordig.

7.9.3 Elke stemgeregtigde lid op 'n vergadering kan 1 (een) stem uitbring op elke aangeleentheid waaroor daar gestem word.

7.9.4 Die voorsitter het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

7.9.5 Stemming geskied per geheime stembrief, tensy die voorsitter anders bepaal.

7.10 Uitvoerende Bestuur van die Raad

7.10.1 Die Raad het 'n Uitvoerende Bestuur, wat op die konstituerende vergadering van die Raad saamgestel word.

7.10.2 Die Uitvoerende Bestuur bestaan uit die voorsitter van die Raad, die ondervoorsitter, die streekverteenwoordiger, die Visekanselier of sy/haar verteenwoordiger en twee bykomende gekose lede gekies uit die geledere van die gekose lede, wat nie in die permanente/voltydse of tydelike/voltydse diens van die Universiteit is nie.

7.10.3 Die lidmaatskap van die Uitvoerende Bestuur van die Raad moet verteenwoordigend wees wat ras en geslag betref.

7.10.4 Die Uitvoerende Bestuur gee aandag aan dringende aangeleenthede wanneer die Raad nie in sessie is nie en verrig die bykomende pligte wat deur die Raad aan hom gedelegeer word.

7.10.5 Die Uitvoerende Bestuur vergader so dikwels as wat die voorsitter bepaal, met dien verstande dat hy ten minste een keer per kwartaal moet vergader.

7.10.6 Die Uitvoerende Bestuur doen gereeld aan die Raad verslag oor sy aktiwiteite.

7.10.7 'n Minimum van drie lede maak 'n kworum uit vir vergaderings van die Uitvoerende Bestuur.

7.10.8 Die Uitvoerende Bestuur poog om besluite op grond van konsensus en kompromis te neem, by gebreke waarvan aangeleenthede onder bespreking deur 'n meerderheidstem beslis word. Die voorsitter het 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

7.11 Vul van vakatures in die Raad

7.11.1 Die Raad vul vakatures van gekose lede van die Raad vir die res van die ampstermyn van die Raad in ooreenstemming met die jongste verkiesingsuitslag op 'n wyse wat aan klousule 7.3 van hierdie Grondwet voldoen.

- 7.11.2 Vakatures deur die vertrek van *ex officio*-lede word gevul in ooreenstemming met die betrokke prosedures wat in die Statuut en Reëls van die Universiteit voorgeskryf word.

7.12 Gedragskode

Lede van die Raad voldoen aan die Gedragskode wat deur die algemene jaarvergadering goedgekeur is.

7.13 Sekretariële steun

Die Hoof van Alumnibetrekkinge verskaf sekretariële en verwante steun aan die Raad, die Uitvoerende Bestuur en die portefeuljebestuurders van die Raad tensy die Raad, in oorleg met die Registrateur, anders bepaal.

8 HOOF VAN ALUMNIBETREKKINGE

- 8.1 Die Hoofbestuur, na oorleg met die Raad, stel die Hoof van Alumnibetrekkinge aan.
- 8.2 Die Hoof van Alumnibetrekkinge verrig sy/haar verantwoordelikhede onderhewig aan hierdie Grondwet.
- 8.3 Die Raad kan in oorleg met die Hoof van Alumnibetrekkinge bykomende pligte aan die Hoof van Alumnibetrekkinge opdra en bevoegdhede van die Raad aan hom/haar delegeer, wat sulke verantwoordelikhede in oorleg met die Raad aan enige werknemer van die Universiteit kan opdra.
- 8.4 Tensy die Raad anders bepaal, tree die Hoof van Alumnibetrekkinge op as sekretaris van die UP-alumnivereniging, sy beheerstrukture en substrukture.

9 VERKIESING VAN DIE GEKOSE LEDE VAN DIE RAAD

- 9.1 Verkiesings van die gekose lede van die Raad word elke 24 maande gehou op die wyse wat in hierdie klousule beskryf word.

9.2 Benoeming

- 9.2.1 Die Registrateur stel lede van die UP-alumnivereniging in kennis van die tyd en datum vir die voorlegging van benoemings aan sy Kantoor.
- 9.2.2 Elke kandidaat word deur een lid van die UP-alumnivereniging benoem en deur 'n ander lid gesekondeer op 'n voorgeskrewe vorm wat deur die Raad verskaf word.

- 9.2.3 Benoemings, geteken deur die benoemde en vergesel van 'n beknopte curriculum vitae, word aan die Kantoor van die Registrateur voorgelê op 'n tyd en datum wat die Registrateur bepaal maar ten minste 14 (veertien) dae voor die datum van die algemene jaarvergadering waartydens 'n deel van die verkiesing moet plaasvind.
- 9.2.4 Na afsluiting van die benoemingsproses maak die Registrateur die volgende bekend:
- (a) die name van die benoemdes;
 - (b) alle tersaaklike besonderhede van die elektroniese stemming; en
 - (c) na oorleg met die voorsitter van die Raad, die tyd, datum en plek van die algemene jaarvergadering waar 'n deel van die stemming moet plaasvind.

9.3 Verkiesing

- 9.3.1 Verkose lede van die Raad word verkies óf elektronies óf tydens die algemene jaarvergadering van die UP-alumnivereniging soos in hierdie klousule beskryf.
- 9.3.2 Stemming by volmag word nie toegelaat nie.
- 9.3.3 Die Registrateur moet ten minste 14 (veertien) dae voor die algemene jaarvergadering alle nodige inligting aan lede verstrek om hulle stemme elektronies uit te bring.
- 9.3.4 Stemme word elektronies in ooreenstemming met die goedgekeurde elektroniese stemstelsel van die Universiteit uitgebring gedurende die tydperk wat die Registrateur bepaal.
- 9.3.5 Lede wat om watter rede ook al nie elektronies gestem het nie, kan hulle stem persoonlik per geheime stembrief uitbring op die algemene jaarvergadering van die UP-alumnivereniging.
- 9.4 Die verkiesingsuitslae word op die algemene jaarvergadering aangekondig.
- 9.5 Die Universiteit moet 'n onafhanklike verkiesingsowerheid aanstel om oor die benoeming en verkiesing toesig te hou en enige moontlike besware te oorweeg.
- 9.6 Klagtes of besware rakende die verkiesing van lede van die UP-alumnivereniging se Raad kan skriftelik aan die onafhanklike verkiesingsowerheid in 9.5 hierbo bedoel voorgelê word deur enige lid van die UP-alumnivereniging binne 'n tydperk van 7 (sewe) werkdade na die aankondiging van die verkiesingsuitslae. Die onafhanklike verkiesingsowerheid moet alle klagtes ondersoek en sy bevindings bekend maak saam met enige

ANNEXURE A

regstellende stappe wat hy aanbeveel, binne nog 7 (sewe) werkdade.

10 REËLS EN REGULASIES

- 10.1 Die Raad kan reëls en regulasies uitvaardig, wysig of intrek om die bereiking van die missie en oogmerke van die Vereniging te bevorder.
- 10.2 Reëls en regulasies word op die webwerf van die Universiteit gepromulgeer en bind lede vanaf die datum van promulgering.
- 10.3 Die Sekretariaat hou 'n bundel reëls en regulasies by, wat oop is vir insae by die kantoor van die UP-alumnivereniging.
- 10.4 Ampsdraers word streng gebind om ooreenkomstig lynbestuur en funksionele gesagslyne op te tree; met dien verstande dat informele organisasie, praktiese funksionering en oorlegpleging tussen persone onbeperk moet wees.

11 STREEKSTRUKTURE EN KLUBS

- 11.1 Lede van die UP-alumnivereniging kan streekstrukture en klubs vorm, met dien verstande dat sulke formasies deur die Raad goedgekeur word en op die betrokke Raadsvergadering genotuleer word.
- 11.2 Sulke streekstrukture en klubs moet in die gees van hierdie Grondwet optree en moet ingestel word en funksioneer of voortgaan om te funksioneer binne die perke van reëls en regulasies oor aangeleenthede rakende streekstrukture en klubs soos deur die Raad voorgeskryf.
- 11.3 Voorsitters van die streekstrukture en klubs kan 'n Raad van Streekstrukture en Klubs vorm wat 'n lid of lede kan afvaardig wat, deur die streekvertegenwoordiger in die Raad, met die Raad skakel oor aangeleenthede rakende streekstrukture en klubs.
- 11.4 Streekstrukture en klubs is nie op befondsing van die UP-alumnivereniging geregtig nie en mag in geen stadium ooreenkomste van enige aard namens die UP-alumnivereniging of die Universiteit aangaan nie.
- 11.5 'n Streekstruktuur of klub kan deur 'n meerderheid van sy lede ontbind word.
- 11.6 Die Raad of die Visekanselier en Rektor, met behoorlike nakoming van die grondreëls van administratiewe geregtigheid, kan 'n streekstruktuur of klub ontbind indien sodanige struktuur of klub versuim om te voldoen aan die regulasies van die Raad of optree op 'n wyse wat die goeie naam van die UP-alumnivereniging of die Universiteit in die gedrang bring.

- 11.7 Enige bates wat oorbly nadat 'n streekstruktuur of klub ontbind is, berus by die UP-alumnivereniging.
- 11.8 Alle streekstrukture en klubs wat bestaan het ten tyde van die goedkeuring van hierdie Grondwet, word geag deur die UP-alumniraad goedgekeur te wees ingevolge hierdie Grondwet en gaan voort om dienooreenkomstig te bestaan.

12 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

- 12.1 Hierdie Grondwet kan gewysig word soos in hierdie klousule beskryf.
- 12.2 Lede van die UP-alumnivereniging kan wysigings aan die Grondwet voorstel in die vorm van 'n skriftelike kennisgewing, wat deur die betrokke lid of lede geteken is en die voorgestelde wysiging akkuraat uiteensit en vergesel gaan van 'n beknopte motivering van die voorgestelde wysiging.
- 12.3 'n Kennisgewing van 'n voorgestelde wysiging van die Grondwet moet aan die Sekretariaat voorgelê word ten minste 21 (een en twintig) dae voor die algemene jaarvergadering, of 14 (veertien) dae voor 'n buitengewone vergadering, vir oorweging deur die betrokke vergadering.
- 12.4 Goedkeuring van 'n voorgestelde wysiging van hierdie Grondwet hang af van 'n stemming ten gunste van die voorstel deur sestig (60) persent van die lede teenwoordig op die vergadering waar die voorstel ter tafel gelê word.
- 12.5 Wysigings wat deur 'n vergadering van die UP-alumnivereniging goedgekeur is, moet onverwyld aan die Raad van die Universiteit voorgelê word.
- 12.6 Die Raad van die Universiteit oorweeg die voorgestelde wysiging en keur dit goed of verwys dit terug na die UP-alumnivereniging vir heroorweging.
- 12.7 Wysigings aan hierdie Grondwet word van krag by goedkeuring deur die Raad van die Universiteit.
- 12.8 Wanneer hierdie Grondwet gewysig word, moet die weergawes in al drie tale soos in klousule 14.4 beskryf, gelyktydig gewysig en goedgekeur word.
- 12.9 Hierdie Grondwet moet ten minste elke tien jaar hersien word.

13 ONTBINDING VAN DIE UP-ALUMNIVERENIGING

- 13.1 Die Vereniging kan deur die Raad van die Universiteit ontbind word ooreenkomstig die bepalings van hierdie klousule.
- 13.2 Die Raad van die Universiteit kan, met behoorlike inagneming van die toepaslike grondreëls van administratiewe geregtigheid en enige tersaaklike bepalings van die Statuut of Reëls van die Universiteit, die UP-alumnivereniging ontbind indien die Raad oortuig is dat die UP-alumnivereniging nie sy missie verwesenlik of die belange van die Universiteit en sy alumni dien nie.
- 13.3 Die UP-alumnivereniging kan ontbind word ingevolge 'n resolusie wat aangeneem is op 'n buitengewone vergadering wat spesifiek vir hierdie doel belê is, welke resolusie deur ten minste 60 (sestig) persent van die lede teenwoordig gesteun moet word.
- 13.4 Na ontbinding van die UP-alumnivereniging moet die Raad 'n geskikte persoon aanstel om die sake van die UP-alumnivereniging te likwideer.
- 13.5 By ontbinding van die UP-alumnivereniging gaan al sy bates en laste oor op die Universiteit van Pretoria, wat die laste van die ontbinde Vereniging vereffen en die bates ooreenkomstig Universiteitsbeleid en prosedures in belang van UP alumni gebruik.

14 FINANSIËLE REGULERING EN STATE

- 14.1 Die UP-alumnivereniging is aan die finansiële reguleringsraamwerk van die Universiteit onderhewig en moet as sodanig aan die toepaslike beleide en regulasies voldoen.
- 14.2 Die Hoof van Alumnibetrekkinge is daarvoor verantwoordelik om 'n jaarlikse oorsigverslag van die finansies van die UP-alumnivereniging op te stel, insluitende 'n finansiële staat rakende eksterne fondse wat deur die Vereniging ingesamel is, en om sodanige verslag en staat aan die UP-alumniraad voor te lê vir sy inset en goedkeuring.
- 14.3 Die finansiële verslag en finansiële staat moet aan 'n algemene jaarvergadering voorgelê word vir die doeleindes soos in klousule 6.1.3.1(e) vermeld.

15 ALGEMENE BEPALINGS

- 15.1 Behoudens enige bepaling van hierdie Grondwet raak die UP-alumnivereniging nie by enige sake-, kommersiële of spekulatiewe aktiwiteite of aktiwiteite met monetêre implikasies betrokke nie sonder die uitdruklike toestemming van die

ANNEXURE A

Visekanselier en Rektor of van die Raad van die Universiteit.

- 15.2 Geen wins of verlies mag aan enige lid uitgekeer word nie en alle bates van die UP-alumnivereniging word gebruik uitsluitlik ter bevordering van die missie en oogmerke van die UP-alumnivereniging.
- 15.3 Bates beskikbaar vir belegging moet belê word in ooreenstemming met die beleggingsprotokol en beleggingsbeleide van die Raad van die Universiteit.
- 15.4 Hierdie Grondwet moet in Afrikaans en Sepedi vertaal word. Die Afrikaanse, Engelse en Sepedi-weergawes moet gelyktydig deur die betrokke Universiteitstrukture goedgekeur word.
- 15.5 Die drie weergawes van hierdie Grondwet geniet gelyke status en in geval van 'n botsing tussen hulle word uitvoering gegee aan die vertolking wat die beste uitvoering gee aan die missie en oogmerke van die Grondwet.

GOEDGEKEUR DEUR:

.....
VOORSITTER

.....
SEKRETARIS

.....
DATUM